

THE PROVINCE OF PWV  
DIE PROVINSIE PWV

(-1)

Provincial Gazette Extraordinary  
Buitengewone Provinsiale Koerant

Selling price: R1,75 ◇ Other countries: R2,25  
Verkoopprys: R1,75 ◇ Buitelands: R2,25

R10

Vol. 1

PRETORIA, 5 JULY  
JULIE 1995

No. 47

GENERAL NOTICES · ALGEMENE KENNISGEWINGS

NOTICE 2386 OF 1995

GREATER JOHANNESBURG TRANSITIONAL METROPOLITAN  
COUNCIL

SANDTON ADMINISTRATION

DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 103 (1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), the Greater Johannesburg Transitional Metropolitan Council, Sandton Administration (hereinafter referred to as Sandton), hereby declares **Paulshof Extension 44** to be an approved township, subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY APOSTOLIESE GELOOFSENDING VAN SA (SANDTON), UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 425 OF THE FARM RIETFONTEIN 2 IR [WHICH PORTION IS DESCRIBED IN THE CURRENT DEED OF TRANSFER No. T33668/95, AS PORTION 425 (A PORTION OF PORTION 116) OF THE FARM RIETFONTEIN 2 IR], PROVINCE OF GAUTENG, HAS BEEN GRANTED

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

(1) Name:

The name of the township shall be **Paulshof Extension 44**.

KENNISGEWING 2386 VAN 1995

GROTER JOHANNESBURG METROPOLITAANSE  
OORGANGSRAAD

SANDTON ADMINISTRASIE

VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge artikel 103 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), verklaar die Groter Johannesburg Metropolitaanse Oorgangsraad, Sandton Administrasie (hierna verwys as 'Sandton'), hierby die dorp **Paulshof-uitbreiding 44** tot 'n goedgekeurde dorp, onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

BYLAE

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR APOSTOLIESE GELOOFSENDING VAN SA (SANDTON), INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 425 VAN DIE PLAAS RIETFONTEIN 2 IR [WELKE GEDEELTE BESKRYF WORD IN DIE HUIDIGE TRANSPORTAKTE No. T33668/95 AS GEDEELTE 425 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 116) VAN DIE PLAAS RIETFONTEIN 2 IR], PROVINSIE GAUTENG, TOEGESTAAN IS

1. STIGTINGSVOORWAARDES

(1) Naam:

Die naam van die dorp is **Paulshof-uitbreiding 44**.

**(2) Design:**

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan SG. No. A3792/94.

**(3) Obligations in regard to essential services and streets and stormwater drainage:**

The township owner shall install and provide all internal services in the township, subject to the approval of Sandton.

**(4) Removal or replacement of municipal services:**

If, by reason of the establishment of the township, it should become necessary to remove or replace any existing municipal services, the cost thereof shall be borne by the township owners.

**(5) Disposal of existing conditions of title:**

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals, but excluding—

- (a) Servitude which affects Erven 957, 958, 959 and Capricorn Drive in the township only vide SG. No. A3224/89; and
- (b) Conditions A, B and C in Deed of Transfer T98558/92.

**(6) Land for municipal purposes:**

Erf 960 shall be transferred to Sandton by and at the expense of the township owners as a park (public open space).

**2. CONDITIONS OF TITLE**

The erven mentioned hereunder shall be subject to the conditions, as indicated, imposed by Sandton in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986:

**(1) All erven:**

(a) The erf is subject to a servitude 2 m wide, in favour of the Sandton, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes, 2 m wide across the access portion of the erf, if and when required by Sandton: Provided that Sandton may dispense with any such servitude.

(b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.

(c) Sandton shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose, subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by Sandton.

**Acting Chief Executive Officer.**

Civic Centre, corner of West Street and Rivonia Road, Sandown, Sandton, 2196.

Date: 5 July 1995.

(Notice No. 114/95)

**(2) Ontwerp:**

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan LG No. A3792/94.

**(3) Verpligtinge ten opsigte van noodsaaklike dienste asook die bou van strate en stormwaterdreinerings:**

Die dorpselenaars moet alle interne dienste in die dorp installeer en voorsien, onderworpe aan die goedkeuring van Sandton.

**(4) Verskuiwing of die vervanging van munisipale dienste:**

Indien dit as gevolg van die stigting van die dorp nodig sou word om enige bestaande munisipale dienste te verskuif of te vervang moet die koste daarvan deur die dorpselenaars gedra word.

**(5) Beskikking oor bestaande titelvoorwaardes:**

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en servitude, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale, maar uitgesonderd—

- (a) Servituut wat slegs Erwe 957, 958, 959 en Capricorn Drive in die dorp raak vide SG No. A3224/89; en
- (b) Voorwaardes A, B en C van Transportakte T98558/92.

**(6) Grond vir munisipale doeleindes:**

Erf 960 moet deur en op koste van die dorpselenaars aan Sandton as park (publieke oopruimte) oorgedra word.

**2. TITELVOORWAARDES**

Die erwe hieronder genoem sal onderworpe wees aan die voorwaardes soos aangedui, opgelê deur Sandton ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986:

**(1) Alle erwe:**

(a) Die erf is onderworpe aan 'n servituut 2 m breed, vir rioleerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van Sandton langs enige twee grense uitgesonderd 'n straatgrens en in die geval van 'n pypsteelerf, 'n bykomende servituut vir munisipale doeleindes 2 m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer benodig deur Sandton: Met dien verstande dat Sandton van enige sodanige servituut mag afstand doen.

(b) Geen geboue of ander struktuur mag binne die voornoemde servituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige servituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.

(c) Sandton sal geregtig wees om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke wat hy, volgens goeddunke, noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde servituut grens en voorts is Sandton geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat Sandton enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwyderings van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

**Waarnemende Hoof Uitvoerende Beampte.**

Burgersentrum, hoek van Weststraat en Rivoniaweg, Sandown, Sandton.

Datum: 5 Julie 1995.

(Kennisgewing No. 114/95)

**NOTICE 2387 OF 1995****SANDTON AMENDMENT SCHEME 2382**

Sandton hereby in terms of the provisions of section 125 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, declares that it has approved an amendment scheme, being an amendment of Sandton Town-planning Scheme, 1980, comprising the same land, as included in the Township of Paulshof Extension 44.

Map 3, Annexure and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with Sandton and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Sandton Amendment Scheme 2382.

**Chief Executive Officer.**

Civic Centre, corner of West Street and Rivonia Road, Sandown, Sandton.

Date: 5 July 1995.

(Notice No. 113/95)

**KENNISGEWING 2387 VAN 1995****SANDTON-WYSIGINGSKEMA 2382**

Sandton verklaar hierby ingevolge die bepalings van artikel 125 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, dat dit 'n wysigingskema synde 'n wysiging van Sandton-dorpsbeplanningkema, 1980, wat uit dieselfde grond as die dorp Paulshof-uitbreiding 44, bestaan goedgekeur het.

Kaart 3, Bylae en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur Sandton en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Sandton-wysigingskema 2382.

**Hoof Uitvoerende Beampte.**

Burgersentrum, hoek van Weststraat en Rivoniaweg, Sandown, Sandton.

Datum: 5 Julie 1995.

(Kennisgewing No. 113/95)

**NOTICE 2388 OF 1995****SOUTHERN PRETORIA METROPOLITAN SUBSTRUCTURE****DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP**

In terms of section 103 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), the Town Council of Verwoerdburg hereby declares **Lyttelton Manor Extension 11** to be an approved township, subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

**SCHEDULE**

STATEMENT OF CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION DONE BY OVLAND GROUP LIMITED (HEREINAFTER REFERRED TO AS THE TOWNSHIP APPLICANT AND BEING THE REGISTERED OWNER OF THE LAND) IN TERMS OF THE PROVISIONS OF PART C OF CHAPTER 3 OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE No. 15 OF 1986), FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 30 (A PORTION OF PORTION 1) OF THE FARM DROOGEGROND 380 JR, HAS BEEN GRANTED

**1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT****1.1 Name:**

The name of the township shall be **Lyttelton Manor Extension 11**.

**1.2 Layout/Design:**

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan LG No. 5484/1992.

**1.3 Disposal of existing conditions of title:**

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals, but excluding the following servitudes which do not affect the township area: Notarial Deed of Servitude 258/1950-S and 236/1962-S.

**1.4 Precautionary measures:**

The township applicant shall with respect to the dolomite areas and at own expense, make arrangements with the local authority in order to ensure that—

1.4.1 water will not dam up, that the entire surface of the dolomite area(s) are drained properly and that the streets are sealed effectively with tar, cement or bitumen; and

1.4.2 trenches and excavations for foundations, pipes, cables or for any other purposes, are properly refilled with damp soil in layers not thicker than 150 mm, and compacted until the same grade of compaction as that of the surrounding material is obtained.

**1.5 Removal, repositioning, modification or replacement of existing Telkom plant:**

If, by reason of the establishment of the township, it should become necessary to remove, reposition, modify or replace any existing post office plant, the cost thereof shall be borne by the township applicant.

**1.6 Land for municipal purposes:**

Erven 2311 and 2313 shall be transferred to the local authority by and at the expense of the township applicant as "park".

**1.7 Access:**

Ingress from Provincial Road P38-1 to the township and egress from Provincial Road P38-1 out of the township are limited to the connection of Limpopo Avenue with such a road.

**2. CONDITIONS OF TITLE**

The erven mentioned hereunder shall be subject to the conditions as indicated, imposed by the Local Authority in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986:

**2.1 All erven:****2.1.1 Servitude in favour of the Local Authority:**

2.1.1.1 A servitude of 2 metres wide, in favour of the local authority must be provided for municipal services along any two boundaries of one erf with the exception of a street boundary, which boundaries, if and when required by the local authority.

2.1.1.2 No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within a distance 2 metres thereof.

**KENNISGEWING 2388 VAN 1995****SUIDELIKE PRETORIA METROPOLITAANSE SUBSTRUKTUUR****VERKLARING AS GOEDGEKEURDE DORP**

In terme van artikel 103 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), verklaar die suidelike Pretoria Metropolitaanse Substruktuur **Lyttelton Manor-uitbreiding 11** as 'n goedgekeurde dorp, onderworpe aan die voorwaardes soos in die Bylae hieronder uiteengesit.

**BYLAE**

STAAT VAN VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR OVLAND GROUP LIMITED (HIERNA DIE DORPSTIGTER GENOEM EN DIE GEREESTREERDE EIENAAR VAN DIE GROND) INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DEEL C VAN HOOFSTUK 3 VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986), OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 30 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 1) VAN DIE PLAAS DROOGEGROND 380 JR, TOEGESTAAN IS

**1. STIGTINGSVOORWAARDES****1.1 Naam:**

Die naam van die dorp sal wees **Lyttelton Manor-uitbreiding 11**.

**1.2 Uitleg/Ontwerp:**

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan LG No. A5484/1992.

**1.3 Beskikking oor bestaande titelvoorwaardes:**

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en servitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale, maar uitgesonderd die volgende servitute wat nie die dorp raak nie: Notariële Akte van Servituit 258/1950-S en 236/1962-S.

**1.4 Voorkomende maatreëls:**

Die dorpsseienaar moet met betrekking tot die dolomietgebiede op eie koste reëlings met die plaaslike bestuur tref om te verseker dat—

1.4.1 water nie opdam nie, dat die hele oppervlakte van die dorpsgebied behoorlik gedreineer word en dat strate doeltreffend met teer, beton of bitumen geseël word; en

1.4.2 slote en uitgrawings vir fondamente, pype, kabels of vir enige ander doeleindes behoorlik met klam grond in lae wat nie dikker as 150 mm is nie, opgevolg word en gekompakteer word totdat dieselfde verdigtingsgraad as wat die omliggende materiaal het, verkry is.

**1.5 Verwydering, verplasing, modifisering of die vervanging van Telkomtoerusting:**

Indien dit as gevolg van die stigting van die dorp nodig word om enige bestaande poskantoor-toerusting te verwyder, te verplaas, te modifiseer of te vervang moet die koste daarvan deur die dorpsseienaar gedra word.

**1.6 Grond vir munisipale doeleindes:**

Erwe 2311 en 2313 moet deur en op koste van die dorpsseienaar aan die plaaslike bestuur as parke oorgedra word.

**1.7 Toegang:**

Ingang vanaf Provinsiale Pad P38-1 tot die dorp en uitgang tot Provinsiale Pad P38-1 uit die dorp word beperk tot die aansluiting van Limpopolaan met sodanige pad.

**2. TITELVOORWAARDES**

Die erwe hieronder genoem is onderworpe aan die voorwaardes soos aangedui, opgelê deur die plaaslike owerheid, ingevolge die bepalings van Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986:

**2.1 Alle erwe:****2.1.1 Servituit ten gunste van die Plaaslike bestuur:**

2.1.1.1 'n Servituit van 2 meter wyd ten gunste van die Plaaslike Bestuur, moet voorsien word vir munisipale dienste langs enige twee grense van 'n erf, uitgesonderd 'n straatgrens, welke grense deur die Plaaslike Bestuur bepaal mag word.

2.1.1.2 Geen geboue of ander struktuur mag binne die voornoemde servituitgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige servituit of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.

2.1.1.3 The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion, may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose, subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

2.1.1.4 The local authority shall be entitled to lay down above right at the receiving of a written application by the owner.

**2.2 Erven 2221 tot 2230, 2268 tot 2271, 2281 tot 2284, 2285, 2287 and 2288:**

The erven are subject to a servitude for municipal purposes in favour of the local authority as indicated on General Plan A5484/1992.

**3. CONDITIONS TOGETHER WITH THE EXISTING PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING SCHEME IN OPERATION, IN PURSUANCE OF SECTION 125 OF ORDINANCE 15 OF 1986, IN THE TOWN-PLANNING SCHEME INCORPORATED IN**

**3.1 All erven:**

3.1.1 Where, in the opinion of the local authority, it is impracticable for stormwater to be drained from higher-lying erven direct to a public street the owner of the lower-lying erf shall be obliged to accept or permit the passage over the erf of such stormwater: Provided that the owners of any higher-lying erven, the stormwater from which is discharged over any lower-lying erf, shall be liable to pay a proportionate share of the cost of any pipeline or drain which the owner of such lower-lying erf may find necessary to lay or construct for the purpose of conducting the water so discharged over the erf.

3.1.2 The provisions of section 9 of the Verwoerdburg Town-planning Scheme is applicable on this township.

**3.2 Residential 2:**

The erven mentioned below are subject to the following conditions:

3.2.1 Erven 2218, 2219 and 2220 are subject to the following conditions:

3.2.1.1 The erf and the buildings erected thereon or to be erected thereon, shall be used solely for the purposes of dwelling-units.

3.2.1.2 The height of buildings shall not exceed 2 storeys.

3.2.1.3 Not more than 10 dwelling units per hectare shall be erected on the erven.

3.2.2 Erven 2221, 2222, 2224, 2305, 2306, 2308, 2309, 2310 are subject to the following conditions:

3.2.2.1 The erven and the buildings erected thereon or to be erected thereon, shall be used solely for the purposes of dwelling units.

3.2.2.2 The height of buildings shall not exceed 2 storeys.

3.2.2.3 Not more than 14 dwelling units per hectare shall be erected on the erven.

3.2.3 Erven 2216, 2217, 2223, 2225 to 2229, 2232 to 2234, 2239 to 2241, 2244, 2246 to 2248, 2252 to 2266, 2268 to 2275, 2282 to 2285, 2287 to 2295, 2299 to 2304 and 2307 are subject to the following conditions:

3.2.3.1 The erf and the buildings erected thereon or to be erected thereon, shall be used solely for the purposes of dwelling units.

3.2.3.2 The height of buildings shall not exceed 2 storeys.

3.2.3.3 Not more than 20 dwelling units per hectare shall be erected on the erven.

3.2.4 Erven 2230, 2231, 2235 to 2238, 2242, 2243, 2245, 2249 to 2251, 2267, 2276 to 2281, 2286, 2296 to 2298 are subject to the following conditions:

3.2.4.1 The erf and the buildings erected thereon or to be erected thereon, shall be used solely for the purposes of dwelling units.

2.1.1.3 Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke wat hy volgens goeë dunks noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwyderings van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

2.1.1.4 Die Plaaslike Bestuur mag afstand doen van die voormelde regte na ontvangs van 'n skriftelike aansoek deur die eienaar.

**2.2 Erwe 2221 tot 2230, 2268 tot 2271, 2281 tot 2284, 2285, 2287 en 2288:**

Die erwe is onderworpe aan 'n serwituut vir munisipale doeleindes ten gunste van die Plaaslike Bestuur soos op die Algemene Plan A5484/1992 aangetoon.

**3. VOORWAARDES WAT BENEWENS DIE BESTAANDE BEPALINGS VAN DIE DORPSBEPLANNINGSKEMA IN WERKING, INGEVOLGE ARTIKEL 125 VAN ORDONNANSIE 15 VAN 1986, IN DIE DORPSBEPLANNINGSKEMA INGELYF MOET WORD**

**3.1 Alle erwe:**

3.1.1 Waar dit volgens die mening van die plaaslike bestuur ondoenlik is om stormwater van erwe met 'n hoër ligging regstreeks na 'n openbare straat af te voer, is die eienaar van die laerliggende erf verplig om te aanvaar dat sodanige stormwater op sy erf vloei en toe te laat dat dit daaroor vloei: Met dien verstande dat die eienaars van erwe met 'n hoër ligging vanwaar die stormwater oor 'n erf vloei, aanspreeklik is om 'n eweredige aandeel van die koste te betaal van enige pyplyn of afleivoor wat die eienaar van sodanige erf met 'n laer ligging nodig mag vind om aan te lê of te bou om die water wat aldus oor die erf vloei, af te voer.

3.1.2 Die bepalinge van klousule 9 van die Verwoerdburg-dorpsbeplanningskema is van toepassing op die dorp.

**3.2 Residensieel 2:**

Die ondergenoemde erwe is onderworpe aan voorwaardes soos aangedui:

3.2.1 Erwe 2218, 2219 en 2220 is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

3.2.1.1 Die erf en die geboue wat daarop opgerig is, of wat daarop opgerig gaan word, moet slegs gebruik word vir doeleindes van wooneenhede.

3.2.1.2 Die hoogte van die geboue moet nie 2 verdiepings oorskry nie.

3.2.1.3 Die digtheid op die erf word beperk tot nie meer as 10 wooneenhede per hektaar nie.

3.2.2 Erwe 2221, 2222, 2224, 2305, 2306, 2308, 2309, 2310 is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

3.2.2.1 Die erf en die geboue wat daarop opgerig is, of wat daarop opgerig gaan word, moet slegs gebruik word vir doeleindes van wooneenhede.

3.2.2.2 Die hoogte van die geboue moet nie 2 verdiepings oorskry nie.

3.2.2.3 Die digtheid op die erf word beperk tot nie meer as 14 wooneenhede per hektaar nie.

3.2.3 Erwe 2216, 2217, 2223, 2225 tot 2229, 2232 tot 2234, 2239 tot 2241, 2244, 2246 tot 2248, 2252 tot 2266, 2268 tot 2275, 2282 tot 2285, 2287 tot 2295, 2299 tot 2304 en 2307 is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

3.2.3.1 Die erf en die geboue wat daarop opgerig is, of wat daarop opgerig gaan word, moet slegs gebruik word vir doeleindes van wooneenhede.

3.2.3.2 Die hoogte van die geboue moet nie 2 verdiepings oorskry nie.

3.2.3.3 Die digtheid op die erf word beperk tot nie meer as 20 wooneenhede per hektaar nie.

3.2.4 Erwe 2230, 2231, 2235 tot 2238, 2242, 2243, 2245, 2249 tot 2251, 2267, 2276 tot 2281, 2286, 2296 tot 2298 is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

3.2.4.1 Die erf en die geboue wat daarop opgerig is, of wat daarop opgerig gaan word, moet slegs gebruik word vir doeleindes van wooneenhede.

3.2.4.2 The height of buildings shall not exceed 2 storeys.

3.2.4.3 Not more than 25 dwelling units per hectare shall be erected on the erven.

**3.3 Erven subject to special conditions:**

In addition to the relevant conditions set out above, the undermentioned erven shall be subject to the following conditions:

3.3.1 Erven 2221, 2222 to 2229, 2269, 2270, 2282, 2283, 2284, 2287 and 2288:

3.3.1.1 The registered owner of the erf shall erect a physical barrier along the Provincial Road P38-1 according to the current standards of the relevant authority, before or during development of the erf along the boundary thereof abutting of such road, to the satisfaction of the local authority and shall maintain such fence to the satisfaction of the local authority, and shall maintain such fence in good order and repair.

3.3.1.2 Except for the physical barrier referred to in clause 3.3.1.1 above, a swimming bath or any essential stormwater drainage structure, no building, structure or other thing which is attached to the land, even though it does not form part of that land, shall be erected nor shall anything be constructed or laid under or below the surface of the erf within a distance less than 16 m from the boundary of the erf abutting on Road P38-1, nor shall any alteration or addition to any existing structure or building situated within such distance of the said boundary be made except with the consent in writing of the Director, Transvaal Roads Department.

3.3.1.3 Ingress to and egress from the erf shall not be permitted along the boundary thereof abutting on Road P38-1.

3.3.2 Erf 2221:

3.3.2.1 The registered owner of the erf shall erect a physical barrier towards the southern and south-eastern boundary according to the current standards of the relevant authority, before or during development of the erf along the boundary thereof abutting of such road, to the satisfaction of the local authority and shall maintain such fence to the satisfaction of the local authority, and shall maintain such fence in good order and repair.

3.3.3 Erf 2220:

3.3.3.1 The registered owner of the erf shall erect a physical barrier towards the southern boundary according to the current standards of the relevant authority, before or during development of the erf along the boundary thereof abutting of such road, to the satisfaction of the local authority and shall maintain such fence to the satisfaction of the local authority, and shall maintain such fence in good order and repair.

3.3.3.2 Ingress to and egress from the erf shall be permitted from Goldsirkel Street.

3.2.4.2 Die hoogte van die geboue moet nie 2 verdiepings oorskry nie.

3.2.4.3 Die digtheid op die erf word beperk tot nie meer as 25 wooneenhede per hektaar nie.

**3.3 Erwe onderworpe aan spesiale voorwaardes:**

Benewens die betrokke voorwaardes hierbo uiteengesit, is ondergenoemde erwe onderworpe aan die voorwaardes soos aangedui:

3.3.1 Erwe 2221, 2222 tot 2229, 2269, 2270, 2282, 2283, 2284, 2287 en 2288:

3.3.1.1 Die geregistreerde eienaar van die erf moet langs die Provinsiale Pad P38-1 'n fisiese versperring ooreenkomstig die geldende standaard van die toepaslike owerheid, tydens of voor die ontwikkeling van die erf langs die grens aangrensend aan sodanige pad, tot bevrediging van die plaaslike bestuur oprig en in stand hou.

3.3.1.2 Uitgesonderd die fisiese versperring genoem in klousule 3.3.1.1 hierbo, 'n swembad of enige noodsaaklike stormwaterdreineringsstruktuur, moet geen gebou, struktuur of enigiets wat aan die grond verbonde is, al maak dit nie deel van daardie grond uit nie, opgerig word of enigiets onder of benede die oppervlakte van die erf binne 'n afstand van nie minder as 16 m van die grens van die erf aangrensend aan Pad P38-1 af gebou of gelê word nie, en geen verandering of toevoeging tot enige bestaande struktuur of gebou wat binne sodanige afstand van sodanige grens geleë is, moet sonder die skriftelike toestemming van die Direkteur, Transvaalse Paaiedepartement aanbrenging word nie.

3.3.1.3 Ingang en uitgang van die erf moet nie langs die grens daarvan aangrensend aan pad P38-1 toegelaat word nie.

3.3.2 Erf 2221:

3.3.2.1 Die geregistreerde eienaar van die erf moet langs die suidelike en suid-oostelike grens 'n fisiese versperring ooreenkomstig die geldende standaard van die toepaslike owerheid, tydens of voor die ontwikkeling van die erf langs die grens aangrensend aan sodanige pad, tot bevrediging van die plaaslike bestuur oprig en in stand hou.

3.3.2.2 Ingang en uitgang van Erf 2221 moet vanaf Goldsirkelstraat verkry word.

3.3.3 Erf 2220:

3.3.3.1 Die geregistreerde eienaar van die erf moet langs die suidelike grens 'n fisiese versperring ooreenkomstig die geldende standaard van die toepaslike owerheid, tydens of voor die ontwikkeling van die erf langs die grens aangrensend aan sodanige pad, tot bevrediging van die plaaslike bestuur oprig en in stand hou.

3.3.3.2 Ingang en uitgang van Erf 2220 moet vanaf Goldsirkelstraat verkry word.

**NOTICE 2389 OF 1995**

**SOUTHERN PRETORIA METROPOLITAN SUBSTRUCTURE**

**VERWOERDBURG AMENDMENT SCHEME 173**

It is hereby notified in terms of section 125 (1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that the Southern Pretoria Metropolitan Substructure declares that it has approved an amendment scheme being an amendment of the Verwoerdburg Town-planning Scheme, 1992, comprising the same land as included in the Township of Lyttelton Manor Extension 11.

This amendment is known as Verwoerdburg Amendment Scheme 173 and will be effective as from the date of this publication.

**N. D. HAMMAN, Town Clerk.**

P.O. Box 14013, Verwoerdburg, 0140.

29 June 1995.

(Reference: 16/3/1/409)

**KENNISGEWING 2389 VAN 1995**

**SUIDELIKE PRETORIA METROPOLITAANSE SUBSTRUKTUUR**

**VERWOERDBURG-WYSIGINGSKEMA 173**

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 125 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), bekendgemaak dat die Suidelike Pretoria Metropolitaanse Substruktuur 'n wysigingskema synde 'n wysiging van die Verwoerdburg-dorpsbeplanningskema, 1992, wat uit dieselfde grond as die dorp Lyttelton Manor-uitbreiding 11 bestaan, goedgekeur het.

Hierdie wysiging staan bekend as Verwoerdburg-wysigingskema 173 en sal van krag wees vanaf datum van hierdie kennisgewing.

**N. D. HAMMAN, Stadsklerk.**

Posbus 14013, Verwoerdburg, 0140.

29 Junie 1995.

(Verwysing: 16/3/1/409)


Use it

Don't abuse  it

*water is for everybody*





Werk mooi daarmee

Ons leef  daarvan

*water is kosbaar*

*Where is the largest amount of meteorological information in the whole of South Africa available?*



*Waar is die meeste weerkundige inligting in die hele Suid-Afrika beskikbaar?*

Department of Environmental Affairs and Tourism  
Departement van Omgewingsake en Toerisme

**CONTENTS****INHOUD**

No.	Page No.	Gazette No.	No.	Bladsy No.	Koerant No.
<b>GENERAL NOTICES</b>			<b>ALGEMENE KENNISGEWINGS</b>		
2386			2386		
Town-planning and Townships Ordinance (15/1986): Greater Johannesburg Transitional Metropolitan Council: Declaration as approved township: Paulshof Extension 44.....	1	47	Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe (15/1986): Groter Johannesburg Metropolitaanse Oorgangsrade: Verklaring tot goedgekeurde dorp: Paulshof-uitbreiding 44.....	1	47
2387	2	47	2387	2	47
do.: Sandton Amendment Scheme 2382			do.: Sandton-wysigingskema 2382.....		
2388			2388		
do.: Southern Pretoria Metropolitan Substructure: Declaration as approved township: Lyttelton Manor Extension 11...	3	47	do.: Suidelike Pretoria Metropolitaanse Substruktuur: Verklaring tot goedgekeurde dorp: Lyttelton Manor-uitbreiding 11.....	3	47
2389			2389		
do.: do.: Verwoerdburg Amendment Scheme 173.....	5	47	do.: do.: Verwoerdburg-wysigingskema 173.....	5	47